

Daar is 'n beter toekoms

Teks: Sefanja 3: 8 - 20

Tekvers: Sefanja 3: 20

1. Inleiding

Dit is moeilik om in swaar tye, soos wat ons nou beleef, hoop te hou vir die toekoms. Want realisties gesproke stort alles in duie rondom ons. Alle vastigheid waarop ons gebou verkrummel op hierdie stadium. Want dit is natuurlik die ding met 'n pandemie. Iets wat so naby aan jou liggaam kan kom. Iets wat jou gesondheid kan afbreuk en uiteindelik 'n einde aan jou lewe kan maak. Daarom sien ons natuurlik die geveg tussen medici en ekonome uitspeel rondom ons. Want uiteindelik kan 'n gebrek aan my daaglikse brood my ook laat sterf.

Wanneer ons na die kerk en ook die wêreldgeskiedenis kyk. Dan tree gelowiges op 'n bepaalde manier op in hierdie omstandighede. Tussen gelowiges is daar altyd, maar in hierdie krisistye 'n groter groep mense wat aan die apokaliptiese geskifte vasgryp. Dit is dinge wat in die toekoms gaan gebeur. In die Bybelse konteks is veral die boek Openbaring en gedeeltes van Daniël apokaliptiese geskifte. Maar in die apokaliptiese sake is daar natuurlik ook temas. Een van die bekendste tema's is natuurlik die dag van die Here, of die "Joom Jahwe" soos dit in die Hebreeus bekend staan.

En dit is hoe ons vandag by die profeet Sefanja uitkom. Die profeet Sefanja staan bekend as die profeet van die dag van die Here. En daarom maak dit sin om vanoggend te fokus op Sefanja se profesie oor die dag van die Here. Want in die dag van die Here is daar goed en sleg. Negatiewe en positiewe sake. En dit is juis ook die positiewe sake waarin ons vandag hoop sal kry. Positiewe sake oor wat in die toekoms gaan gebeur. Selfs al lyk die toekoms vir ons so donker op hierdie stadium.

2. Kan die dag van die Here bepaal word?

Die eerste vraag wat altyd gevra word in hierdie tema is natuurlik: Wanneer is die dag van die Here. En om hierdie vraag te beantwoord, maak dit sin om na die omstandighede waarin Sefanja hierdie boek skryf te kyk. Die eerste vers in die boek Sefanja maak die tydperk vir ons vas. Sefanja skryf in regeringstydperk van Koning Josia. En een van die belangrikste dinge wat plaasgevind het in die regeringstyd van Koning Josia, was dat die wetboek in die tempel gevind is deur Hilkia, die hoëpriester. Ons weet grootskaalse Godsdiensstige hervorming het hierop gevolg, soos ons in 2 Konings 22 en 2 Kronieke 34 en aan lees.

En waarskynlik is dit net hier waar die eerste verwagting vir 'n konkrete datum vir die dag van die Here ontstaan. Die verwagting dat die dag van die Here sal aanbreek sodra die Godsdiensbeoefening volmaak is. En dan is daar volgens hoofstuk 1 nog net 'n paar dinge wat nie plek is nie. Daar is nog sommige mense wat uitlandse klere dra, met ander woorde hulle nee deel aan afgodediens rituele en gebruike. Daar is 'n paar wat nog by die afgod Milkom 'n eed sweer. En dan is daar ook die wat oor die drumpel spring wanneer hulle 'n gebou binnegaan. Ons weet uit 1 Samuel 5 dat Dagon se priesters nie op die drumpel van die tempel trap nie, na die episode met die ark van die God. So dus net 'n paar klein sakies dan is alles in plek vir die dag van die Here.

En is dit nie waarmee ons ook nog besig is nie. Ons wil die kerk, die bruid van die Here perfek maak, dat die dag van die Here miskien gouer kan aanbreek. Of voel ons skaam as die wederkoms nou sal

plaasvind. Hoe sal die Here die kerk en ook vir ons aantref hier op die aarde. In die woorde van Lukas 18:8 In : “maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?”.

Ons kan opsom dat die datum vir dag van die Here nie deur ons as mense bepaal, of selfs beïnvloed kan word nie. Genadiglik gun die Here ons nog tyd en geleentheid hier op aarde om Sy Naam te verheerlik.

3. Die sleg in die dag van die Here

Die tweede saak wat ons maklik assosieer met die dag van die Here is dat dit 'n aangename dag is. Maar hoofstuk 1 en 2 van Sefanja vertel juis vir ons die teendeel. Hierdie klein sakies in hoofstuk 1 waarna ons verwys het gaan nie ongestraf bly nie. En in Hoofstuk 2 word die toorn en oordeel van die Here net erger. Die dag van die Here is nie aangenaam vir die mens wat nie Godvresend leef nie.

En ongeloof is nie iets nuuts nie. Ons lees al in Hfstk 1:12 “¹²Daardie tyd sal Ek Jerusalem met lampe deursoek en die mense straf wat in hulle selftevreedenheid dink: die Here doen nie goed óf kwaad nie.” Die ateïstiese benadering wat ons vandag so goed ken het al in daardie tyd bestaan.

En miskien is dit juis hier waar die fassinatie met die apokaliptiese sy van geloof in moeilike tye vir gelowiges lê. Daardie begeerte dat die Here die boosheid moet kom straf. Dat Hy finaal die slegte moet kom straf en vernietig. Dit is hierdie benadering wat mense al deur die eeue beweeg om die koerant langs die Bybel te plaas elke oggend. En om dan duidelike lyne tussen die twee te trek.

Maar het ons al daaraan gedink dat ek en jy deel kan wees van die bese. Ons wat van nature geneig is om ons naaste en die Here te haat, eerder as lief te hê. Wat juis die goeie wat ons eintlik wil doen daagliks, nalaat om juis die slegte te doen. Soos

baie ander profete uit die Bybel is die profesie van Sefanja oor die dag van die Here nie net 'n mooi prentjie nie. Nee, in Sy regverdigheid moet die Here die sonde straf. In die woorde van Hebreëus 10:31: “³¹Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val.”

4. Die goeie in die dag van die Here

Maar dan sien ons iets uniek aan die meesterlike stuk literatuur wat Sefanja vorm. Wanneer ons dink daar is geen hoop nie, hierdie geskiedenis gaan in totale uitwissing van die mensdom eindig. Want die mensdom is net sonder uitsondering te sondig. Dan sien ons Hfstk 3. Dinge verander in hoofstuk 3. Want dit is in hoofstuk 3 wat ons Here Jesus Christus verskyn. In wat dikwels beskryf word as die Johannes 3:16 van die Ou Testament, in vers 17 van ons teksgedeelte.

Die aanspreek vorm in 17 verander skielik dit word persoonlik. Daar staan: “¹⁷Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou. Die Here word hier amper menslik beskryf. Want natuurlik het ons Here Jesus Christus mens kom word op hierdie aarde. Hy kom leef en kom sterf uiteindelik vir al ons sondes. Hy kom dra hierdie vreeslike toorn van die Here in ons plek.

Ja soos ons regdeur die Bybel sien in die verbond, is daar die goue draad. Daar is die oorblyfsel van Israel, uiteindelik net Juda wat behoue bly. En dit is ook waarmee Sefanja sy profesie afsluit met die toekomstige behoed van hierdie oorblyfsel. Dit bou dan op tot die klimaks in ons teksvers. Die laaste vers van die boek Sefanja waar daar duidelik staan dat ons met ons eie oë die verlossing van die Here sal sien.

Dit is hier waar die teks duidelik ook vir ons generasie mense apokalipties is. En waar ons dan daardie apokaliptiese troos wat gelowiges deur die eeue soek vind. Dit maak nie saak hoe donker dit nou om ons is nie, ons sal as deel van die oorblyfsel van Israel met ons eie oë die verlossing van die Here sien.

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit deur op te som wat ons geleer het oor die dag van die Here. Eerstens kan ons die datum nie beïnvloed nie. Trouens op 'n manier het die dag van die Here al aangebreek en ook op 'n manier nog nie. Die oordeel oor die ongehoorsaamheid van die volk, toe hulle deur Babel weggevoer is in ballingskap is deel van die dag van die Here. Dit het ons ook duidelik gesien, toe ons gesê het dat die dag van die Here ook onaangename dinge, soos oordeel insluit.

Maar dit is juis hier waar die gelowige met groot versigtigheid moet omgaan. Ons moet nie sommer wêreld gebeure lukraak koppel aan die oordeel van God nie. Want deur dit te doen kyk ons juis die genade in ons Here Jesus Christus mis. Hy het reeds die straf en oordeel van die Here oor ons in ons plek gedra. En Sy offer aan die kruis was volkome, gaan die Here dan steeds die gelowige straf, nee beslis nie.

Dit is ook juis hierdie offer aan die kruis wat die volgende aanbreek of voorkoms van die dag van die Here is. Want by die kruisiging sien ons die aangename genade wat daar vir die gelowige in die dag van die Here is. Maar dan weet ons dat ons ook nog volkome uit hierdie gebroke aarde verlos sal word. Ons weet dat dit sal gebeur met die wederkoms van Christus. Dan sal die dag van die Here finaal en volmaak aanbreek. Soos wat ons teksvers die boek Sefanja op 'n hoë noot afsluit, net so verseker hierdie verwagting van die dag van die Here ook vir ons die beter toekoms wat voorlê vir die gelowige.

Amen